higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEPPING VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 3

(3011033)

28 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

554Q1N2428

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
SKEPPING VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 ☆ 'n Aksieplan sit duidelik uiteen wat gedoen moet word om die onderneming se doelstellings te bereik.

1.1.2 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes is van toepassing op alle werkgewers en werknemers in Suid-Afrika.

1.1.3 'n Grieweprosedure gee werkgewers leiding oor hoe om griewe teen hul werknemers in te dien.

1.1.4 'n Prestasiebeoordeling is daarop gerig om 'n werknemer se werkverrigting deurlopend te bestuur.

1.1.5 'n Interne belanghebbende het 'n belang in die organisasie, maar werk nie vir hulle nie. ☆

1.1.6 Diensverskaffers moet wette aanneem en beleide ontwikkel om te verseker dat organisasies wettig funksioneer.

1.1.7 Om grondstowwe uit die natuur te ontgin is 'n kernsakeaktiwiteit van die sekondêre sektor.

1.1.8 Die verkoops- en bemarkingsafdeling is verantwoordelik vir die aankoop van alle grondstowwe en goedere wat vir produksie in 'n onderneming benodig word.

1.1.9 ☆ Kundigheid en ervaring is vaardighede wat met verloop van tyd ontwikkel word.

1.1.10 'n Dienskontrak is 'n ooreenkoms tussen 'n werkgewer en 'n werknemer.

(10 × 1) (10)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Mensehulpbronne-kapasiteitsvereistes behels kennis van die …

A beskikbaarheid van verskaffers om goedere en dienste te verskaf.
B aantal personeel wat in diens geneem moet word.
C produkte wat vir die onderneming se sukses benodig word.
D produksieproses van goedere en dienste.

1.2.2 Werkgewers moet ... van die salarisrekening aan ’n vaardigheidsontwikkelingsheffing oorbetaal.

A 1%
B 2,5%
C 10%
D 100%

1.2.3 ’n Voorbeeld van kapitaaltoerusting:

A Kantoorskryfbehoeftes
B Fotokopieermasjien
C Skoonmaakmateriaal
D Noodhulpkissie

1.2.4 ’n Gedragskode kan insluit …

A verwagte werksetiek en waardes.
B profiele van werknemers in die werksplek.
C spesifikasies van hoe om ’n taak uit te voer.
D ’n lys van lynbestuurders.

1.2.5 Finansiële stelsels om geld in die onderneming te bestuur, behels …

A om kredietverkope toe te laat.
B om debiteure te keur om slegte skuld uit te skakel.
C reklame op sosiale media.
D om kapitaal by die bank te leen.

(5 × 2) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Iemand wat geld in 'n onderneming belê het	A	belanghebbende
1.3.2	Koop goedere en dienste van die organisasie	B	aandeelhouer
1.3.3	Formuleer interne beleide	C	staat
1.3.4	Effek of invloed wat 'n gebeurtenis of situasie op iemand of iets het	D	werkgewer
1.3.5	Metode om risiko te minimaliseer wat met verlies van voorraad verband hou	E	impak
		F	voorraadopname
		G	kliënte

(5 × 1) (5)

1.4 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

perseel; organogram; standaard; werktuig; werwing; aflegging; toewys

1.4.1 Om 'n bepaalde pos vir iemand te gee

1.4.2 Grond en geboue wat 'n maatskappy sal gebruik

1.4.3 Behoort by 'n werwingsplan ingesluit te word om alle poste en verslagdoeningslyne aan te dui

1.4.4 Posbeskrywing waarteen 'n werknemer se werkverrigting gemeet kan word

1.4.5 Stapsgewyse proses wat gevolg word wanneer personeel in diens geneem word

(5 × 1) (5)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

SENIOR TOESIGHOUER EN TENKWABESTUURDER IN HEGTENIS GENEEM VIR BEDROG EN DIEFSTAL VAN SWAAR BRANDSTOFOLIE – ESKOM

Eskom Medialessenaar
24 Julie 2023

Eskom: Matla Kragsentrale se senior skoftoesighouer en gekontrakteerde tenkwabestuurder wat swaar brandstofolie vervoer, vas oor bedrog en diefstal

Op 19 Julie 2023 is ’n Eskom senior skoftoesighouer van die Matla Kragsentrale en ’n tenkwabestuurder wat swaar brandstofolie (SBO) vervoer, in hegtenis geneem weens bedrog en diefstal van swaar brandstofolie.

Eskom het inligting ontvang dat tenkwabestuurders betrokke was by diefstal van SBO by Matla Kragsentrale. Die bestuurders het die brandstofolie by onbekende lokaliteite afgelaai voordat hulle by die kragsentrale aangekom het. Die tenkwaens sou daarna die kragsentrale leeg binnekom. Weegbrugstrokies is valslik geregistreer en gedruk asof die bestelde olie-/brandstofproduk afgelaai is. Afleweringsnotas is daarna afgeteken.

Ná ’n deeglike interne ondersoek wat in Desember 2022 begin het, en met behulp van die Bidvest Protea Coin-ondersoekspan wat deur Eskom gekontrakteer word om diefstal van steenkool, diesel en brandstofolie te ondersoek, is getuienis bekom wat tot die inhegtenisneming van ’n senior Eskom-skoftoesighouer van die Matla Kragsentrale en ’n SBO-tenkwabestuurder gelei het. Die SAPD het die inhegtenisneming gedoen.

Die beskuldigdes is aangekla en op 20 Julie 2023 voor die Kriel Landdroshof gebring (Kriel CAS 56/07/2023). Diefstal word geklassifiseer as ’n daad van oneerlikheid wat die gedrag skend wat van Eskom-werknemers verwag word. Daar word te alle tye van alle werknemers verwag om kragtens hul kontrak eerlik en in die belang van hul werkgewer op te tree. Die diefstal van brandstofolie is ’n hoogs georganiseerde misdadige aktiwiteit en die sindikate wat betrokke is, word verryk deur die opbrengs uit die onwettige handel in die gesteelde produkte. Eskom verloor miljarde rand weens die wanaanwending en vervalsing van hierdie kritieke kommoditeite, wat produksie regstreeks raak.

Eskom sal die nodige ondersteuning aan die SAPD en die Nasionale Vervolgingsgesag gee om te verseker dat die verdagtes suksesvol vervolg word en dat hulle ’n swaar straf opgelê word, aangesien ’n gunstige uitkoms ander voornemende oortreders sal afskrik. Eskom het ook die publiek aangemoedig om inligting oor die diefstal van steenkool, brandstofolie en diesel by die Eskom Misdaadlyn aan te meld: 0800 11 27 22.

2.1 2.1.1 Onderskei tussen *interne-* en *eksterne belanghebbendes*. (2 × 2) (4)

2.1.2 Uit die scenario hier bo, identifiseer TWEE sulke belanghebbendes:

(a) Interne belanghebbendes (2 × 1) (2)

(b) Eksterne belanghebbendes (2 × 1) (2)

2.2 Wat is Eskom se kernbesigheid? (2)

2.3 Lys DRIE rolle van ’n toesighouer in die organisasie. (3 × 2) (6)

2.4 Wat sal die uitwerking van ’n ondoeltreffende tenkwabestuurder wat brandstof by ’n onbekende plek aflaai op elk van die volgende afdelings wees?

2.4.1 Produksieafdeling

2.4.2 Finansiële afdeling

2.4.3 Bemarkingsafdeling

(3 × 2) (6)

2.5 Kategoriseer elk van die volgende pligte as óf geskoolde óf ongeskoolde werk:

2.5.1 Bestuurder

2.5.2 Skoonmaker

2.5.3 Ontvangsklerk

(3 × 1) (3)

2.6 Diefstal word geklassifiseer as ’n oneerlike daad wat indruis teen die gedrag wat van Eskom se werknemers verwag word.

2.6.1 Behoort die bestuurder se aksies tot ’n dissiplinêre prosedure onderwerp word? (1)

2.6.2 Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 2.6.1. (2)

2.7 Hoe kan die onderneming die risiko van diefstal tot die minimum beperk? (2)

[30]

VRAAG 3

3.1 Lys DRIE kernfunksies van ’n span wat by Eskom werk. (3 × 2) (6)

3.2 Die tenkwabestuurder wil ’n grief indien as gevolg van die dissiplinêre stappe wat teen hom geneem word.

3.2.1 Verduidelik TWEE stappe wat gevolg moet word wanneer ’n grieweprosedure gehanteer word. (2 × 2) (4)

3.2.2 Watter rol speel die vakbond tydens die grieweproses? (1)

Kopiereg voorbehou

3.3 Diefstal en oneerlikheid is oortredings van Eskom se gedragskode.

3.3.1 Wat is 'n *gedragskode*? (2)

3.3.2 Verduidelik die term *etiese prosedures* met betrekking tot die gedragskode. (2)

3.3.3 Het die skoftoesighouer en bestuurder eties of oneties opgetree? (1)

3.4 Verduidelik die rolle van elk van die volgende Eskom-personeellede.

3.4.1 Senior skoftoesighouer

3.4.2 Drywer/Bestuurder

(2 × 2) (4)

3.5 Verduidelik TWEE beginsels wat geld by die handhawing van goeie betrekkinge tussen interne en eksterne belanghebbendes. (4)

3.6 Verduidelik die verskil tussen *bekwaam* en *effektief*. (4)

3.7 Verduidelik die term *kohesie*. (2)

[30]

VRAAG 4

NEW TIMES LOGISTIEK

Lebohang Masinga is 'n ambisieuse jong vrou van die klein dorpie Dundee in KwaZulu-Natal. Sy het haar oorlede pa se vervoer- en logistiekonderneming oorgeneem nadat sy 'n Diploma in Logistiekbestuur verwerf het. New Times Logistiek spesialiseer in die vervoer van steenkool van myne na kragsentrales. Sy het vier bestuurders in diens. Johan Cloete is 'n bedryfsbestuurder in beheer van die maatskappy se dag-tot-dag-bedrywighede. Alice Naidoo is 'n administratiewe bestuurder wat met twee vroue saamwerk: Nozipho, 'n adminklerk, en Faith, die skakelbordoperateur. Sibani Ndlovu is die finansiële bestuurder. Caycee en Pamela werk in die finansiële afdeling as onderskeidelik 'n boekhouer en 'n krediteureklerk. Die bestuurder in beheer van instandhouding is Mondli Zondi. Hy werk saam met Zuzile, 'n motorwerktuigkundige. Lebohang se onderneming vaar baie goed en sy wil graag binne die volgende drie jaar haar dienste na ander provinsies uitbrei.

4.1 Stel TWEE strategieë voor waardeur Lebohang haar verhouding met belanghebbendes kan verbeter. (4)

4.2 Gebruik personeel se name en posisies om 'n organogram/organisasiestruktuur vir New Times Logistiek te teken. (10)

4.3 Verduidelik die funksies van elk van die volgende afdelings in New Times Logistiek:

4.3.1 Bedryfsafdeling

4.3.2 Administratiewe afdeling

4.3.3 Finansiële afdeling

(3 × 2) (6)

4.4 Wie is die mees senior persoon in die instandhoudingsafdeling? (1)

4.5 Lebohang moet ’n bykomende drywer/bestuurder aanstel om met aflewerings te help omdat die werklas vergroot het.

4.5.1 Verduidelik aan Lebohang die belangrikheid van ’n posprofiel. (2)

4.5.2 Noem EEN tipe koste wat Lebohang moet oorweeg wanneer sy personeel in diens neem. (1)

4.6 ’n Behoorlike en doeltreffende finansiële stelsel is belangrik vir die onderneming.

4.6.1 Noem TWEE tipes bankrekeninge wat vir Lebohang se onderneming geskik sal wees. (2)

4.6.2 Gee TWEE siftingsprosedures wat toegepas kan word om slegte skuld uit te skakel. (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE voordele wat New Times Logistiek kan behaal deur as ’n span saam te werk. (4)

5.2 Verduidelik hoe ’n ondoeltreffende finansiële afdeling die instandhoudingsafdeling sal raak. (2 × 2) (4)

5.3 Verduidelik hoe die adminklerk waarde tot die administratiewe afdeling sal toevoeg. (2 × 2) (4)

5.4 Verduidelik die tipe werk wat elk van die volgende persone in New Times Logistiek verrig:

5.4.1 Nozipho

5.4.2 Faith

5.4.3 Caycee

5.4.4 Pamela

(4 × 2) (8)

5.5 Wat is Lebohang se funksie in die onderneming? (2)

5.6 New Times Logistiek besit die sakeperseel. ☆

5.6.1 Onderskei tussen die *huur* en *besit* van ’n perseel. (2 + 2) (4)

5.6.2 Noem TWEE voorbeelde van kantoorvoorraad wat New Times Logistiek kan gebruik. (2)

5.6.3 Noem TWEE metodes om nuwe werknemers oor hul pligte in te lig. (2)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou